

Die Oorsprong van Ons Gesange

II. — DIE OPKOMS VAN DIE KORAAAL.

DIT was oorspronklik nie die bedoeling van Luther om met die liturgie van die Roomse Kerk te breek nie. Eerstens was daar hoege-naamd niks aan die woorde van die mis waaraan die Protestante aanstoot kon neem nie. Die Latynse vorm was miskien 'n beswaar, omdat die assosiasie van Latyn en die Roomse diens baie intiem was. Teen 'n verduitsde mis kon egter geen beswaar wees nie, en in 'n vorige artikel het ek verduidelik dat spore van vergermaniseerde misstukke selfs in ons eie gesangboek te vind is. Luther het hard gestrewe vir die behoud van die tradisionele mis in 'n veranderde vorm, maar die natuurlike ontwikkelingsgang van die Protestantse liturgie sou anders beskik, sodat dit tereg beweer is dat die geskiedenis van ons liturgie die geskiedenis van sy verval is. Een na die ander misafdeling is in die vroeë Protestantse Kerk deur „gesange” verplaas, waarin die gemeente gedeel het. Die sing was dus „choraliter,” d.w.s. koraal, 'n woord wat vroeër dus geen naamwoord was nie maar 'n bywoord, hoewel ons vandag van 'n koraal praat as die tipiese gemeentelike gesang van die Protestantse Kerk.

In die sestiende eeu het Duitsland reeds 'n baie groot volksliedereskat besit, wat egter baie verskil het van wat ons in ons dae as tipiese Duitse volksliedere beskou. Daar was destyds nog nie so 'n groot verskil tussen volksmusiek en gewyde musiek nie, want selfs die komponiste van Katolieke kerkmusiek, veral 'n man soos Josquin des Prés, is sterk beïnvloed deur die volksmusiek van sy tyd. Van verskeie van die oerkorale geld dit dat hulle oorspronklik volksliedjies was, die wysies waarvan van gewyde woorde voorsien is en dan korale geword het. Die Duitse Kerk het 'n menigte van dié gesange, maar ook in ons gesangboek is verskeie opgeneem. Die bekendste van dié tipe van gesange is nos. 178 en 181. Gesang 178 („De Heer is God! de Heer is God!”) is gedig deur A. Rutgers, vermoedelik 'n Hollander, van wie ek geen besonderhede kan berig nie; gesang 181, as een van die sterwensgesange, is baie bekend in Suid-Afrika, veral die eerste en vierde versies. Die digter is niemand minder as die Duitse digter Klopstock (1724-1803) nie. Maar die musiek van die twee gesange is minstens driehonderd jaar oud en is gekomponeer deur P. Nicolai (1556-1608), wat predikant in Unna was. Gedurende die vreeslike pestyd wat teen die end van die sestiende eeu daardie stad geteister het, het die predikant wonderlike visioene van die hemel gehad, en toe die pes ophou, skryf Nicolai in 1598 die merkwaardige boek „Freudenspiegel des ewigen Lebens,” (Vreugdespieël van die Ewige Lewe) waarin hy van sy visioene en openbarings vertel. Daardie boek bevat ook twee van die allerberoemdste Protestantse gesange, een waarvan „Wie schön leuchtet der Morgenstern” (Hoe mooi skitter die môrester) is, en juis die wysie is waarop ons gesange 178 en 181 gesing word. Die eintlike rede waarom die gesang hier genoem word, is omdat die wysie vermoedelik eers dié van 'n volksliedjie, „Wie schön leuchten die Augkelein” (Hoe mooi skitter haar ogies) was! Sulke gesange word in die himnologie „parodiegesange” genoem, en hulle het baie bygedra tot die Duitse kerkliedereskat. Dat so iets hoege-naamd in die sestiende eeu moontlik was, is, soos bo vermeld, toe te skryf aan die groot ooreenstemming van die volksmusiek met die kerkmusiek van daardie tyd.

'n Ander bekende parodiegesang in ons gesangboek is ges. 187 („Hoe zacht zien wij de vromen”) 'n betreklik onbekende gesang. Die Duitse woorde is „Nun ruhen alle Wälder” (Nou rus alle woude) en is gedig deur P. Gerhardt (1607-1676) van wie die tekste van so baie Duitse gesange gedig is. Ons gesangboek gee C. F. Weisse (1642-1708), 'n kantata-digter, as die outeur van die oorspronklike Duits van ges. 187 aan. „Nun ruhen alle Wälder” het 'n nog ouer Duitse vorm: „O Welt, ich muss dich las-

en Psalms

deur

Prof. dr. C. G. S. DE VILLIERS

sen” (O Wêreld, ek moet jou verlaat), gedig deur Isaak omstreeks 1490. Maar daardie gewyde woorde is oorspronklik „Innsbruck, ich muss dich lassen,” en is dus een van die afskeidliedjies, wat so 'n groot gedeelte van die Duitse volksliedere uitmaak en 'n herinnering is aan die tyd toe die jong kêrel wat sy ambag wou leer, sy geselle-tyd moes deurmaak en in die wye wêreld moes uitgaan voordat hy daarop aanspraak kon maak om as 'n meester van sy ambag te geld.

Die eienaardigste voorbeeld van 'n koraal met volkslied-oorsprong is bepaald ges. 123, wat een van die allerbekendste gesange is en een van die korale is wat deur Bach in sy Mattheus-Passie verwerking gevind het. In Duits is die gesang bekend as „O Haupt voll Blut und Wunden”), (O Hoof vol Bloed en Wonde), woorde deur Gerhardt. Die Nederlandse teks is deur sekere J. Scharp en is, soos die Duitse gesang, 'n Ecce Homo-lied, maar ongelukkig is dit ook al punt van ooreenstemming. Die melodie is gelukkig in ons gesangboek opgeneem, maar is glad nie so populêr as wat dit verdien nie. Die musiek is gekomponeer deur L. Hassler in 1601 vir die woorde „Herzlich tut mich verlangen” (Hartlik verlang ek), maar dié woorde is weer 'n parodiëlied van die ou volkslied „Mein gemüt ist mir verwirret” (my gemoed is in die war), wat voorwaar nie as gewyd beskou kan word nie.

Die gesangboekwysie van die môregesang „Mijn eerst' gevoel zij dankbaarheid” (Ges. 179), woorde deur R. Feith, is dié van dié pragtige Duitse koraal, „Was mein Gott will, gescheh' allzeit” (Wat my God wil, geskiede altyd), en is omstreeks 1530 gekomponeer deur 'n onbekende komponis. Dit was eers 'n (Franse?) volkslied, maar word al sedert 1540 as gewyde lied gesing.

Die gesangwysie wat meestal die woorde van „Middelpunt van ons Verlangen” (ges. 120) in ons geheue oproep, maar waarop ook gesange 21, 52, 160 en 180 gesing word, is een van ons allerbekendste gesangwysies, maar dit was baie moeilik om sy geskiedenis in selfs die volledigste nuwe bronne na te gaan. „O gesegnetes Regieren,” wat in ons gesangboek as die oervorm aangegee word, is in die bekendste Lutherse gesangboek nie opgeneem nie. Die Duitse gesang wat op dié wysie gesing word, is „O du Liebe meiner Liebe” (O liefde van my liefde). Die musiek verskyn in sy oudste vorm in 1735 as 'n afskrif in die koraalboek van die „Broedergemeente” of Hussiete, maar in 1745 reeds in Basel in druk. Die ondersoekinge van die himnoloog Nelle en van die volksliedkenner Erk het bewys gelewer dat die melodie, wat al so 'n hegte deel van ons Afrikaanse volkskultuur geword het, ook in sy oorsprong 'n Duitse volkslied met name „Sollen wir die grünen Jahre” (Sou ons die groen jare) was, en in dié vorm tot in 1688 nagespoor kan word. En met „Middelpunt van ons Verlangen” is die lys van ons gesange wat op volksliedwysies gesing word, soveel my bekend, uitgeput.

Hoewel verwerkinge van die mis, die Latynse himnes, Duitse voor-Protestantse kerkgesange en volksliedere dus hul deel bygedra het tot die gesange van die nuwe kerk, was die eintlike skepper van die koraal of evangeliese lied dr. Martin Luther self. Die musikale gestalte van die hervormer word met die jare groter, na mate

die nuutste ondersoekinge op die gebied van die koraal al hoe duideliker aan die dag laat kom dat Luther 'n musikus deur opleiding en be-gaafdheid was, en nie alleen 'n onoortroffe digter en verwerker van korale was nie, maar die melodieë van verskeie van hulle, wat die erfgoed van die hele Protestantse Kerk geword het, gekomponeer het. Dit sal bepaald nooit met sekerheid kan vasgestel word hoe veel korale Luther gedig en hoeveel hy gekomponeer het nie. Dat die getal van laasgenoemdes groter as die eersgenoemdes was, word geredelik toegegee. Maar selfs die konserwatiefste kritiek skryf die wysies van ten minste sewe of agt korale aan Luther toe. Die tekste deur Luther gedig is van so 'n groot verskeidenheid dat 'n mens feitlik 'n hele gesangboek uit hulle kan saamstel. Vir alle geleenthede is daar gesorg, en selfs die kinders word nie vergeet nie.

Die melodieë van Luther, net soos sy gedigte, is van 'n viriele aard wat so 'n skerp teëstelling vorm met die „aandoenlikheid” van die agtiende-eeuse Duitse gesange. Dikwels word vernaamlik die plegtigheid van Luther se korale beklemtoon en word daardeur oor die hoof gesien hul innigheid en eenvoudige huislikheid wat toonaange-wend vir die Duitse koraal hoegenaamd sou word en nog steeds sy grootste bekoring bly. Die Roomse gesange met hul Latynse tekste en hul internasionale aard mis juis daardie intieme atmosfeer wat ons 'n lied nie alleen laat bewonder nie, maar ook laat liefkry, soos 'n ouderwetse meubelstuk of prent, wat altyd op sy plek te kry is, met die familie oud geword en al sy liefde en leed gedeel het.

Sodra Luther klaar was met die vertaling van die Bybel (1522), begin hy ook in die tweede groot behoefte van die kerk voorsien, nl. gewyde liedere vir gebruik by die openbare diens en in die huislike kring. Op 1 Julie 1523 is daar in België twee monnikke om hul geloof verbrand, en die gebeurtenis dien vir Luther as aansporing om die voorval in 'n gedig te besing, en nog dieselfde jaar dig hy verder twee van die beroemdste Protestantse gesange, wat ongelukkig geen-ee in ons gesangboek opgeneem is nie. Hulle is: „Aus tiefer Not schrei ich zu dir” (Uit diepe nood roep ek tot U) en „Nun freut euch, Lieben Christen gmein” (Kom verheug julle nou, alle Christene). „Aus tiefer Not” is natuurlik 'n beryming van Ps. 130, wat as „De profundis” in die Roomse Kerk 'n geliefde psalm was en is. Eienaardig dat ons beryming glad nie op die oorspronklike Franse melodie van die koraalboek gesing word nie, maar wel op 'n Duitse wysie, wat in die begin van die sewentiende eeu gekomponeer is. 'n Protestantse kerk wat nie ryklik uit die gesange van Luther put nie, is soveel te armer daardeur, en die verlies van bogenoemde twee Luther-gesange vir ons kerk kan as niks anders as 'n tragedie beskou word nie: ons het hulle so broodnodig om ons te help in die stryd teen die minderwaardiger tipe van Angel-Saksiese gewyde musiek, wat dreig om met volle goedkeuring die ondergang van die tradisionele koraalmusiek van ons Kerk te word.

Die *annus mirabilis* vir die Protestantse kerk-gesang is 1524, toe drie gesangboeke hul verskynning gemaak het: die „Achtliederbuch” (Nürnberg) met vier Luther-liedere, die „Enchiridions” (Erfurt), of klein, handige gesangboekies met note (hulle is hoofsaaklik op die Agtliedereboek gebaseer), en die histories uiters belangrike Wittenberg-gesangboek, waarin Luther vir die woorde en die interessante voorwoord en sy vriend Walther vir die koortoonsettinge verantwoordelik was. In bogenoemde drie publikasies het vier-en-twintig van die sewe-en-dertig van Luther vir die eerste maal verskyn, dus ongeveer twee-derdes van al die korale wat hy gekomponeer (of gedig) het. Dit is besonder interessant dat twaalf — ongeveer een-derde! — van sy korale vertalings of verwerkings van Latynse himnes was, 'n bewys vir die groot belang wat Luther geheg het aan die bewaring van die kon-

(Vervolg op bladsy 47.)

Die Oorsprong van Ons Gesange en Psalms

(*Vervolg van bladsy 31.*)

tinuïteit van die liturgie van die nuwe kerk met dié van voor die Hervorming.

Eers in 1527 maak Luther weer 'n lied, die beroemdste van alle korale, „Ein feste Burg ist unser Gott,” hoewel dit eers in 1529 gedruk is. In 1538 en 1542 het ander liedere verskyn, maar 1524 is en bly die jaar waarin die kern van die Luther-gesange en van die Protestantse korale hoegenaamd ontstaan het. In verskeie dele van Duitsland het intussen gesangdigters- en komponiste ontstaan, en in 1539 het die eerste uitgawe van „psautier” van die Hugenate, wat ook in Duitsland baie groot invloed gehad het, in Straatsburg onder Calvyn se eie redaksie verskyn. Laat ons egter eers die Luther-gesange van ons eie kerk bespreek.

Gelukkig is die twee Luther-gesange van ons kerk albei met absolute sekerheid deur hom gekomponeer. Kon 'n mens ook nog daarby voeg: deur hom gedig! Maar die lieue goeie mense in Holland het toe anders beslis. In gesang 156 het ons Luther se verwerking van psalm 46, die beroemde „Ein feste Burg ist unser Gott,” wat duisend maal geheilig is met die bloed van die martelare, en die strydkreet van die Hervorming was. 'n Mens sou gedink het dat die Nederlandse vertaler of verwerker genoeg piëteit sou gehad het om so 'n getroue vertaling as moontlik daarvan te maak. Maar moenie glo nie! Gesang 156 is 'n Nederlandse vertaling van 'n „Umdich-

tung” van Luther se manhaftige woorde deur Gellert, wat verskeie ander Duitse gesange gedig het. Ook net die eerste versie lyk effens op die oorspronklike van Luther. Vir die „beterwetenskap” was Luther se musiek, wat deur Bach self in sy tagtigste Kantate gebruik is, nie goed genoeg nie! O nee, daar moes 'n „verandering in den 1. en 3. regel” inkom. Om alles nog te kroon, word die woord *feste* in die Duitse opskrif nogal *veste* gespel, alhoewel reeds die eerste druk van die lied 'n *f* in plaas van die *v* het. Dit sal miskien interessant wees om hier 'n afskrif te laat volg van die woorde in die eerste druk (Augsburg, 1529).

1. Ain feste burg ist unser Gott/ain gute wör und waffen/Er hilfft uns frey ausz aller nott/die uns yetz hatt betroffen/der alt böse feyndt/mitt ernst ers yetzt meint/grosz macht und vil list/sein grawsam rüstung ist/auff erd ist nicht seins gleichen.

2. Mit unnsere macht ist nichts gethan/wir seind gar bald verloren/Es streyt für uns der rechte man/den Got hat selbs erkore/Fragst du wer der ist/er hayst Jesu Christ/der Herr Zebaoth/unnd ist kain ander Gott/das feld muss er behalten.

3. Und wen die Welt vol teüfel wer/und wolt uns gar verschlingen/So fürchten wir unns nicht zu ser/es sol uns doch gelinge/Der Fürst diser wellt/wie saur er sich stellt/thut er uns doch nicht/das macht er ist gericht/ain wörtlin kan in fellen.

4. Das wort sy sollen lassen stan/unnd kain danck dartzu haben/Er ist bey unns wol auff dem plan/ mit seinem gayst und gabe/nemen sy den leyb/gut ehr kind und weyb/lasz faren dahin/sy habens kein gewin/das reych muss uns doch bleiben.

'n Ander egte Luther-gesang van ons kerk is die wysies van gesange 112 en 135, onderskeidelik 'n kers- en 'n opstandingsgesang, en blykbaar volgens ons gesangboek albei „naar Gellert,” 'n Duitse gesangdigter wat reeds bespreek is. Die oorspronklike Duitse gesang heet „Vom Himmel hoch da komm' ich her” (Uit die hemel hoog kom ek vandaan), en hoewel die musiek soms aan Valentin Schumann toegeskryf word, lyk dit nou taamlik seker dat Luther dit in 1539 vir die gesangboek van V. Schumann gekomponeer het. Die woorde het hy seker gedeeltelik geleen van die wêreldlike lied „Aus fremden Landen komm' ich her.” Hoe dit ook sy, Luther se „Vom Himmel hoch” is een van sy gesange wat hy opsetlik vir kinders gemaak het, omdat hy besef het dat dit die dure plig van die kerk is om selfs die kleinste te bearbei. Buitendien is „Vom Himmel hoch” reeds vierhonderd jaar lank die geliefkoosde Kersgesang van die kinders by die Kersvierings in die Duitse families, en het die sterk mededinging van musikaal baie swakker kersliedjies soos „Stille Nacht” en „O Tannenbaum” triomfantelik deurstaan. Die onverganklike bekoring van die lied is nie alleen aan sy eenvoudige, oermusikale melodie te danke nie, maar veral aan sy ongewone, naiewe kinder-

(*Vervolg op bladsy 87.*)